SA Media - The University of the Free State

Page: 1

Source: LANDBOUWEEKBLAD

Date: 26-Sep-2003

Topic: 19

Ref No: 5625

1

ID: 02997431-01

Source Page: 98

Deur NICO VAN BURICK

**Voedselpryse het in die algemeen gestabiliseer en in sommige gevalle gedaal, maar nie teen dieselfde koers as die stygings verlede jaar nie. Dít is een van die jongste voorlopige bevindings van die Voedselprysmoniteringskomitee.**

# Sommige kospryse af; ander op

Die Voedselprysmoniteringskomitee het dertien kommoditeite uitgesonder vir sy jongste ondersoek na voedselpryse – en net meer as die helfte se prys het sedert die begin van die jaar gedaal.

Die komitee sê in sy voorlopige bevindings die prys van aartappels, mieliemeel, stowebeesvleis, heel vars hoender, heel bevrore hoender en rys se prys het gedaal en dié van vars melk, melkpoeier, eiers, suiker, bruinbrood en kaas het gestyg. Aartappels (met 31,38 %) en mieliemeel (met 10,72 %) se prys het die meeste gedaal en dié van vars melk (10,62 % en poeiermelk 10,46 %) het die meeste gestyg (**tabel**).

Prof. Johann Kirsten, voorsitter van die komitee, sê dit is gevaarlik om te vinnig afleidings te maak aangesien dit verskil van produk tot produk, van streek tot streek en van handelaar tot handelaar. Dit is ook moeilik om algemene neigings te bepaal.

Van die aspekte waarna die Voedselprysmoniteringskomitee kyk, is die tempo van prysverandering, die verhouding tussen plaas- en kleinhandelprys, prysverandering in die waardeketting, handelaars se optrede op Safex, kleinhandel- en verspreidingspatrone en die rol van Spoornet.

Hy sê een van die probleemgebiede wat aandag moet kry, is vervoer en die debat oor spoor- en padvervoer. Die komitee bestudeer voorleggings om die invloed van vervoer op die koste van voedsel te bepaal.

As na voedselpryse gekyk word, is daar talle elemente wat tot die prys bydra. In die geval van brood, speel die prys van koring net 'n klein rol. Arbeidskoste, verspreiding, elektrisiteit en ander faktore dra aansienlik meer tot die prys by.

'n Vergelyking van mielie- en meelpryse tussen Januarie 2000 en Julie vanjaar toon dat die langtermynmeelprys sowat R23,5/10kg is en die gemiddelde Safexprys sowat R743/ton. Ná die kwaai styging van 166 % in die mielieprys het meel se prys met 46 % gestyg. Ondanks die feit dat die mielieprys teruggeval het tot sy langtermyngemiddeld, is meel se prys steeds bykans 26 % hoër as sy gemiddelde prys.

Prof. Kirsten sê die prys van mielies dra maar sowat 40 % tot 50 % by tot die prys van meel. Lone, koste van verpakking, verspreiding en ander fabriekskoste het gestyg ondanks die skerp daling in kommoditeitspryse. Dit dra daartoe by dat meelpryse nie saam met mieliepryse daal nie.

Hy sê die feit dat die prys van mieliemeel steeds 25,8 % bó die langtermyngemiddeld is, is moontlik ook 'n aanduiding dat meulenaars probeer om op te maak vir verliese toe mielies se prys drasties gestyg het.

Tekorte aan aartappels het ontstaan toe die mielieprys hoog was en boere eerder mielies geplant het. Dit het veroorsaak dat pryse tot R48 per sak opgeskiet het. Intussen het boere weer op groter skaal aartappels geplant en die prys het gedaal tot sowat R27 per sak.

Suiker het geleidelik duurder geword, maar die prys het die afgelope twee maande skerp gestyg van sowat R10,70 tot R11,73 vir 2,5 kg. "Die komitee het nog nie 'n verduideliking hiervoor nie en 'n analise van die voorsieningsketting sal bydra om neigings soos hierdie te verklaar," het hy gesê.

Vars melk en poeiermelk het geleidelik duurder geword. Die enigste skerp styging was van Desember 2001 tot April 2002 toe pryse in 4 maande met 13 % gestyg het. Dit word ook toegeskryf aan die mielieprysverhoging, maar daar is nog geen daling te bespeur nie.

In die geval van beesvleis was pryse in September verlede jaar 43 % bokant sy langtermyngemiddeld, maar namate die prys van geel mielies gedaal het, het beesvleis se prys ook gedaal tot 18 % bo die gemiddelde prys in Julie. Prof. Kirsten sê stowe-beesvleis word waarskynlik teen 'n verlies deur handelaars verkoop, maar hulle maak hul wins uit die duurder snitte.

Hy is oortuig winkelgroepe en ander kleinhandelaars speel slegs 'n klein rol om pryse op te jaag. "Daar is sterk mededinging tussen die groot kettinggroepe en prysverlagings van vervaardigers word aan verbruikers deurgegee om pryse so laag as moontlik te hou." ■

**Voedselprysverandering – Januarie 2003 tot Julie 2003**

| Artikel | Januarie | Julie | Verandering |
|---|---|---|---|
| Stowe-beesvleis (kg) | R23,60 | R21,27 | -9,87% |
| Goedkoopste vars heel hoender (kg) | R16,76 | R16,05 | -4,24% |
| Goedkoopste bevrore hoender (kg) | R16,41 | R16,25 | -0,98% |
| Goedkoopste ekstra groot eiers (per 30) | R19,18 | R 20,33 | 6,00% |
| Melkpoeier (kg) | R48,11 | R 53,14 | 10,46% |
| Goedkoopste volroommelk (liter) | R4,05 | R4,48 | 10,62% |
| Goedkoopste Cheddar, graad 1 (kg) | R36,18 | R36,20 | 0,06% |
| Rys (kg) | R7,32 | R6,63 | -9,43% |
| Aartappels (10 kg) | R40,95 | R28,10 | -31,38% |
| Goedkoopste mieliemeel (10 kg) | R33,12 | R29,57 | -10,72% |
| Goedkoopste kookolie (750 ml) | R7,03 | R6,88 | -2,13% |
| Suiker (2,5 kg) | R10,97 | R11,73 | 6,93% |
| Bruinbrood | R3,37 | R3,56 | 5,64% |